# DIE FEES VAN BASUINE
# ONS
# HORING VAN VERLOSSING

Die Fees van Basuine maak deel uit van die Fees van Tabernakels en dan moes die mans ook soos tydens die Pasga en die Fees van Weke *(Shavuot/Pinkstser),* na Jerusalem toe gaan vir die viering daarvan.

Die Fees van Tabernakels was gevier aan die einde van die oesseisoen en is ook genoem die Fees van Insameling. Teen hierdie tyd was die hele oes afgehandel en die mense het gerus.

Die betekenis is duidelik ... JaHUaH wou hê dat Sy Verbondsvolk moet leer om in Hom te rus. As Geestelike en Skriftuurlike Israel van Elohiem (Gal. 6:15 – 16) is JaHUaH se doelwit vir Gelowiges in JaHUsha Messias dus dat ons in JaHUsha sal rus vind.

**DIE HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE FEES VAN DIE BASUINE**

> "En JaHUaH het met Moses gespreek en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê: ln die sewende maand moet dit vir julle 'n rusdag wees, 'n gedenkdag deur basuingeklank, 'n afgesonderde vierdag. Geen beroepswerk mag julle doen nie; maar julle moet aan JaHUaH 'n vuuroffer bring." (Lev. 23: 23 — 25).

Die Fees van Basuine word gehou op die eerste dag van die sewende maand. Op ons hedendaagse kalender kom dit ooreen met September/Oktober.

Die primêre oogmerk van die Fees van Basuine was eerstens om die sewende maand aan te kondig sodat die mense hulle gereed moes maak vir die Dag van Versoening wat tien dae later was. Die sewende maand was spesiaal omdat dit die laaste maand was van die Feeskalender. Dit was die tyd wanneer JaHUaH dit voltooi het wat Hy met Sy volk mee besig was gedurende die jaar. Dit was ook die laaste keer wat hulle na Jerusalem toe moes gaan totdat die Pasga weer sou aanbreek die volgende jaar.

Die dag was nie gekenmerk deur enige spesiale gebeurtenisse nie, behalwe die blaas van die trompette en die offer van offerhandes (Num. 29:1 — 6). Dit het ook die gebruik geword om altyd die trompette te blaas op die eerste dag van die nuwe maand sodat elkeen kon weet dat 'n nuwe maand aangebreek het (Num. 10:10), maar met die Fees van die Basuine het hulle dit ekstra lank en hard geblaas. Die tipe basuin wat geblaas is, was die ramshoring ("shofar" in Hebreeus). Dit is geblaas om die Ram te herdenk wat in die plek van Isak geoffer is (wat vir ons 'n heenwysing na JaHUsha is wat in ons plek gesterf het).

JaHUaH het in die Ou Testament trompette gebruik om met Sy verbondsvolk te kommunikeer. Hulle was altyd ontsettend bevrees as Hy direk met hulle gepraat het. Hy het dus met hulle gepraat deur die gebruik van trompette.

Vir die Volk was die geluid van die basuin dan verteenwoordigend van die "stem" van JaHUaH, asook van Sy mag wanneer daar oorlog gevoer was. In Num. 10 is 'n goeie opsomming van hoe die trompette gebruik is.

Oorspronklik is twee silwer trompette geblaas, maar dit is later vervang met die shofar. Dit is geblaas om die mense bymekaar te maak vir aanbidding, of om kamp op te breek en verder te trek asook om alarm te maak om gereed te maak vir oorlog.

Een van die duidelikste demonstrasies van die gebruik van die trompette in oorlog, is die verhaal van Josua in die stryd van Jerigo. Moses was nou dood, en die leierskap is oorgeplaas op Josua wie nou verantwoordelik was om die volk na die Beloofde land te lei. *Sien: DIE TRANSFORMASIE VAN JERIGO AS MAANSTAD*

In Jos. 5:13 – 15 kry Josua opdrag oor hoe om die geveg te hanteer. Niemand sou dit self kon uitgedink het nie, maar JaHUaH het hulle ‘n profetiese aksie laat uitvoer wat verband sou hou met die tye waarin ons lewe wat nou wag om die Geestelike Beloofde Land binne te kan gaan.

Die engel het Josua beveel om elke dag rondom die stad te trek vir 6 dae lank. Sewe priesters moes die leërmag volg, en elkeen moes ‘n shofar blaas. Hulle is gevolg deur ‘n ander groep priesters wat die Ark van die Verbond gedra het, en hùlle is deur ‘n agterhoede gevolg. Almal moes in absolute stilte masjeer. Niemand moes ‘n woord sê nie. Die enigste geluid was die shofars wat deur die priesters geblaas is.

Op die sewende dag moes hulle sewe maal om die stad masjeer. Almal moes steeds baie stil wees. Dan op ‘n sekere punt, het Josua ‘n bevel gegee vir die priesters om een lang blaas te blaas met die shofar. Dan moes almal skreeu! Op daardie oomblik, het die mure van Jerigo geval en kon die Israeliete die stad inneem (Jos. 6).

Josua het die gevegsplan uitgevoer net soos wat hy dit ontvang het van die leërowerste van JaHUaH. Dit het alles net so gebeur soos wat JaHUaH gesê het en die Israeliete het die vyand verslaan.

Omdat JaHUaH so met die mense gepraat het, en basies trompette gebruik het om “hulle gevegte vir hulle te veg”, het hulle Hom begin noem: “***die Horing van Verlossing** (heil)*”.

Hulle het daardeur bedoel dat JaHUaH hulle Verlosser is wat hulle gevegte vir hulle veg, en hulle red van hulle vyande.

Koning Dawid was ‘n goeie soldaat wat die mag van JaHUaH in oorlog verstaan het. Hy het dikwels van JaHUaH gepraat as die “Horing van Verlossing”. In Ps. 18:2 - 4 sê hy ...

> “Ek het U hartlik lief, JaHUaH my sterkte. JaHUaH is my rots en bergvesting en my Redder; my Elohiem, my rots by wie ek skuil; my skild en die **horing van my heil** *(verlossing)*, my rotsvesting. Ek roep JaHUaH aan wat lofwaardig is, en van my vyande word ek verlos.”

**HOE JAHUSHA DIT VERVUL HET**

JaHUsha is die ware Kommandeur van die leër van JaHUaH (Open. 19:11- 16). Toe Sagaria gehoor het dat die Gesalfde (Messias) gebore is, het hy hierdie profetiese woorde gespreek ...

> “Geloofd sy JaHUaH, die Elohiem van Israel, omdat Hy sy volk besoek het en vir hulle verlossing teweeggebring het, en ‘n **horing van heil** *(verlosssing)* opgerig het in die huis van Dawid, sy kneg — soos Hy gespreek het deur die mond van sy afgesonderde profete van ouds af — redding van ons vyande en uit die hand van almal wat vir ons haat.” Luk. 1:68 – 69

Sagaria het na JaHUsha verwys as die horing van Elohiem se verlossing wat hulle sal verlos van hulle vyande. In die eerste eeu was die vyand waarvan die Jode verlos wou word, die Romeine. Die Jode het gesoek vir 'n verlosser wat hulle sal verlos van die juk van die Romeine, maar JaHUsha se koms was vir 'n veel dieper werk. Die doel was om die werke van Satan te vernietig asook die sonde in mense se harte waardeur die onderdrukking van Rome oor hulle toegelaat was.

As die Kommandeur van die leër van JaHUaH en as "Horing van ons Verlossing", het JaHUsha ons geestelike vyand verslaan, naamlik Satan, die Sielevyand. Maar Sy oorwinning was nie 'n maklike een nie. Satan gee nie op sonder 'n geveg nie. Daar is 'n groot geestelike stryd ook betrokke.

Omiddellik nadat JaHUsha vervul was met die Afgesonderde Gees, was Hy in 'n stryd met Satan betrokke en soos wat JaHUsha in nouer gemeenskap met Sy Vader gekom het in voorbereiding vir Sy bediening, het Satan probeer om Hom te versoek. Maar JaHUsha het Satan se versoekings oorwin.

Paulus sê dat JaHUsha hulle ontwapen het en oor hulle getriomfeer het (Kol. 2:15). Hy het hulle gevange geneem. Dit verwys na 'n ou militêre praktyk. Wanneer 'n generaal sy vyande verslaan het, is 'n groot verwelkomingsparade gehou ter wille van hom. Dit was genoem die "Triomftog". Wanneer die generaal in die stad sou gekom het, het hy die koning wat gevang was gestroop van al sy wapens, en met hom in die straat af geparadeer sodat die hele stad dit kon sien, en almal het dan die generaal vereer en saam die oorwinning gevier. Dan het hulle hom die sleutels van die stad gegee.

Met Sy dood en opstanding, het JaHUsha Satan ontwapen en hom gevange geneem. Toe Hy terug is na die hemel toe, het Elohiem die Vader 'n groot verwelkomingsparade vir Hom gehou. Dit was die Triomftog. Hulle het Hom toegejuig en gesing ....

> "Die Lam wat geslag is, is waardig om te ontvang die krag en rykdom en wysheid en sterkte en eer en heerlikheid én lof." (Open. 5:12).

Toe het Elohiem die Vader aan Hom die sleutels van die stad gegee ...

> "Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amein. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood." (Open. 1:18).

Paulus het aan die Efesiërs geskryf dat Elohiem as die verheerlikte Vader vir JaHUsha 'n posisie gegee het wat ver bo alle owerheid en mag is, en bo alle heerskappy, en 'n naam wat bo alle name is, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die een wat kom: en dat Hy alle dinge onder sy voete geplaas het. (Ef. 1:22 - 23).

Hy het aan die Filippense geskryf: ...

> "Daarom het Elohiem Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van JaHUsha sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat JaHUsha die Gesalfde, die Meester is, tot heerlikheid van Elohiem die Vader" (Fil. 2: 9 - 11).

Petrus het aangaande JaHUsha geskryf ...

> "Wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van Elohiem is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is." (1 Pet.3:22)

JaHUsha het gekom om die Koninkryk van Elohiem te vestig as 'n geestelike koninkryk, die Koninkryk van die Hemel. Die Jode het dit nie verstaan nie en hulle het JaHUsha as koning verwerp. JaHUsha het toe voortgegaan om die Koninkryk van Elohiem aan te bied aan die heidennasies. So het die Tye van Nasies aangebreek.

Vandag word elke individu, Jood of nie-Jood, deel van die Geestelike Israel van Elohiem vir diegene wat in JaHUsha glo. Dit is die Gemeente van JaHUsha in die geestelike realm soos wat die eerste sewe gemeentes 'n voorbeeld van was.

Wanneer die Tye van die Nasies vervul is, sal JaHUsha weer kom as Koning met die blaas van die laaste basuin. Dan volg 1 Kor. 15:28 - 29.

**PERSOONLIKE TOEPASSING**

Ons het nou agtergekom dat die Fees van die basuine o.a. dan ook te doen het met die Gelowige in JaHUsha se geestelike gevegte en stryd. Die Pinksterfees (Shavuot) verteenwoordig die vervulling van die Gelowige met die Afgesonderde Gees van JaHUaH, en dan sal die Gelowige daarna betrokke wees by 'n geestelike stryd of oorlog soos dit met JaHUsha gebeur het. Hoe nader ons aan Elohiem kom, hoe intenser word die geveg.

Ons word 'n bedreiging vir Satan as ons begin om in die krag van Elohiem te wandel. Hy sal enige iets doen om ons uit sy pad uit te probeer verwyder. Om voorbereid daarop te wees moet ons leer hoe om in die oorwinning van JaHUsha as ons "Horing van Verlossing" te lewe, en dan in JaHUaH se rus in te gaan.

Die fees van die basuine dui dus op 'n proses in ons geestelike groei wat Paulus beskryf in Ef. 6:10 — 12:

> "Eindelik, my broeders, word kragtig in die Meester en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van Elohiem aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duistemis van hierdie eeu teen die bose geeste in die lug."

Paulus wys ons daarop dat ons werklike vyand die duiwel is, sowel as 'n leërmag van demone wat hom volg. JaHUsha het hom verslaan! Ons sterkte en krag kom van Elohiem deur Messias JaHUsha as die "Basuin van Elohiem".

Paulus druk dit so uit in 2 Kor. 10:3 – 44 ...

> "Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur Elohiem om vestings neer te werp."

Elohiem het Satan vir ons verslaan deur JaHUsha Messias. Dus hoef ons nie self die duiwel te verslaan nie. Ons staan eenvoudig in die oorwinning wat JaHUsha alreeds vir ons oorwin het. Ons doen dit deur geestelik die wapenrusting aan te trek. Lees Ef. 6:13 — 18.

Paulus noem 6 dele van die wapenrusting. Elke aspek van die wapenrusting is ‘n aspek van JaHUsha Messias self as die “Basuin van Elohiem”, naamlik ons “Horing van Verlossing”.

In die geheel dui dit op ‘n simboliese beskrywing van die Persoon en Afgehandelde werk van JaHUsha toe Hy die vyand verslaan het. In Rom. 13:14 het Paulus dit beskryf ...

> “Maar beklee julle met die Meester JaHUsha Messias, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.”

JaHUsha self is die wapenrusting. Hy is die Wapenrusting omdat Hy Satan verslaan het. Sy oorwinning word ons s’n as ons Hom toelaat om Sy lewe deur ons te leef. Die Gelowige se wapenrusting is eenvoudig net: “JaHUsha in ons”, wat Sy lewe uitleef in ons met die gevolg dat die oorwinning oor Satan ons s’n word.

Hierdie wapenrusting, as ‘n beskrywing van JaHUsha as die Gesalfde, wys ons hoe om JaHUaH se Gesalfde toe te laat om Sy oorwinning op ons oor te dra in ons alledaagse lewe in die krag van Elohiem. Om te leer hoe om die wapenrusting van Elohiem te dra behels diè noodsaaklike stap, naamlik “om in die rus van JaHUaH” in te gaan.

**DIE KOMENDE LAASTE VERVULLING VAN DIE FEES VAN BASUINE**

Hierdie fees moet nog vervul word wat die letterlike betref. Dit dui op die eindtye in die boek Openbaring. Die hele Openbaring kan bestudeer word in die lig van die fees van die Tabernakels. Die boek van Openbaringe begin waar die apostel Johannes die stem van JaHUsha gehoor het soos die geluid van ‘n basuin.

> Open. 1:10 “Ek was in die Gees op die dag van JaHUaH, en ek het agter my ‘n groot stem gehoor, soos van ‘n basuin.”

Dan handel die eerste drie hoofstukke van die boek van Openbaringe oor die tydperk van die eerste sewe gemeentes as die oprigting van Geestelike Israel. Dit word deur baie die “Kerktydperk” genoem, maar dit behels elkeen wat in JaHUsha as Messias glo, want JaHUsa is in die middel van die Sewe Gemeentes en Hy gee aan elkeen Sy eie boodskap per brief wat Johannes moes neerskryf.

As ons verder in die boek vorder, sien ons die verdere vervulling van die Fees van die Tabernakels. Onthou dat JaHUaH in Numerie 10 beveel het dat 2 silwer trompette gemaak moes word. In die Woord is silwer ‘n simbool van “verlossing”. Hierdie twee trompette van silwer was simbolies van die beide die Gelowiges in JaHUaH wat verlos (JaHUsha) uit die Fisiese Israel van die Ou Testament en die Gelowiges in JaHUsha van die Nuwe Testament as Geestelike Israel.

Die blaas van die Basuin wat gekom het as hulle moes kamp opslaan om verder te gaan, gaan dan ook letterlik in vervulling wanneer die laaste basuin sal blaas en ons JaHUsha tegemoet sal gaan in die lug (1 Thess. 4:16 – 17).

Johannes het geskryf ...

> “Na hierdie dlnge het ek gesien — kyk, ‘n geopende deur in die hemel, en die eerste stem wat ek soos ‘n basuin met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat na hierdie dinge moet gebeur.” (Open. 4:1)

Die gebruik van die basuin om alarm te maak vir oorlog, word dan ook letterlik vervul met die blaas van die verskillende basuine wat dan uitloop op die sewende en laaste basuin wat die oorlog van die oordeel van Elohiem sal wees oor diegene wat nie vir JaHUsha tegemoet gegaan het in die lug nie. *Sien ook: SHORT SUMMARY OF REVELATION IN CONNECTION WITH THE TRUMPET BLASTS.*

> Joel 2:1 “Blaas die basuin op Sion, en blaas alarm op my afgesonderde berg! Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van JaHUaH kom, want Hy is naby —“.

Sefanja het bygevoeg ...

> “Naby is die groot dag van JaHUaH, naby en baie haastig. Hoor! Die dag van JaHUaH! Bitterlik skreeu die held daar.
> Die dag is ‘n dag van grimmigheid, ‘n dag van benoudheid en angs, ‘n dag van grimmigheid, ‘n dag van woestheid en verwoesting, ‘n dag van donkerheid, ‘n dag van wolke en wolkenag, ‘n dag van basuingeklank en krygsgskreeu teen die versterkte stede teen die hoë hoekvestings.
> En Ek sal die mense in benoudheid bring, en hulle sal rondloop soos blindes, omdat hulle teen die JaHUaH gesondig het; en hulle bloed sal vergiet word soos stof en hulle ingewande soos drek. Hulle silwer of hulle goud sal nie in staat wees om hulle op die dag van grimmigheid van JaHUaH te red nie, maar deur die vuur van sy ywer sal die hele aarde verteer word; want Hy bring vernietiging, ja, ‘n verskriklike, oor die inwoners van die aarde.” (Sef. 1: 14 — 18)

Dit word ook in Open. 19 beskryf. Dan neem JaHUsha al die koninkryke van die aarde in besit deur hulle konings te verslaan.

> Open. 19:11 “Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.”

Dit word in Open. 11 ook kortliks beskryf ...

> Open. 11:15 “En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van ons Meester geword en van sy Gesalfde, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid.”

JaHUsha sal al sy vyande verbrysel met ‘n ystersepter. Ja, JaHUsha word simbolies verteenwoordig deur die trompet van Elohiem. Hy is ons “Horing van Verlossing”!

0-0-0-0-0

Bron: “Jesus in the feasts of Israel” deur Richard Booker

AndriYaH
September 2021